PREEKNOTA

Datum: **30/06/2024**

1. Reuse stories

Genesis 6:1-4 (DB) [1]Toe die mense op die aarde meer en meer geword het, het hulle ook mooi dogters gekry. [2]Sommige van die wesens in die hemel het hierdie dogters se skoonheid raakgesien en met hulle kom trou. Hulle het vir hulle as vroue gevat wie hulle wou. [3]Toe sê die Here: “My Gees sal nie vir altyd in die mens bly nie. Hy is tog maar net ’n sterflike wese. Hy sal nie langer as 120 jaar leef nie.” [4]In hierdie tyd was daar ook reuse op aarde. Hulle was die kinders van die hemelwesens en die vroue van die aarde. Hierdie reuse was die heldefigure van die oertyd; bekende mans waaroor die mense stories vertel het.

2. Hoekom is daar reuse in ons lewens?

Genesis 6:5-6 (DB) [5]Die Here het gesien dat die mens sleg was. Alles waaraan hy gedink het of beplan het, was deurtrek van boosheid. [6]Toe het die Here spyt gekry dat Hy die mens gemaak het. Sy hart was seer.

3. Wat is die stories van reuse wat jy kan vertel?

1 Samuel 17:4-7 (DB) [4]Daar kom toe ’n voorvegter uit die kamp van die Filistyne. Sy naam was Goliat. Hy het uit die dorp Gat gekom en hy was amper drie meter lank. [5]Die man het ’n brons helm op sy kop gehad en ’n veghemp met brons skubbe aangehad. Die veghemp het 57 kilogram geweeg. [6]Hy het brons beenskutte gedra en daar het ’n brons kromswaard tussen sy skouers gehang. [7]Die handvatsel van sy spies het gelyk soos die balk waaraan mense wat weef, hulle wol hang, en die spies se ysterpunt het omtrent ses kilogram geweeg. ’n Man wat ’n groot skild dra, het voor hom geloop.

1 Samuel 17:10-11 (DB) [10]Hy skree toe ook nog: “Ek spot al die hele dag met die soldaatjies van die Israeliete! Stuur tog nou iemand om teen my te kom veg!” [11]Saul en al die Israeliete het gehoor wat die Filistyn vir hulle skree. Hulle het hulle koud geskrik en was doodbang.

4. Hoe hanteer ek die reuse in my lewe?

1 Samuel 17:32-37 (NLV) [32]“Ons moenie oor hierdie man moedeloos word nie,” sê Dawid vir Saul. “Ek sal teen hierdie Filistyn gaan veg!” [33]“Moenie verspot wees nie,” sê Saul. “Jy kan tog nie teen die Filistyn veg nie, want jy is nog maar ’n seun, terwyl hy van jongs af ’n vegter is!” [34]Maar Dawid het volgehou: “Ek pas my pa se skape op,” sê hy. “As ’n leeu of ’n beer kom om ’n lam uit die trop weg te dra, sit ek hom agterna. [35]Ek val hom aan en red die lam uit sy bek. As hy my wil aanval, gryp ek hom aan sy baard en slaan hom dood. [36]Ek het dit al met sowel ’n leeu as ’n beer gedoen, en hierdie onbesnede Filistyn sal soos een van hulle word omdat hy die leër van die lewende God beledig het! [37]Die Here wat my uit die kloue van die leeu en die beer gered het, sal my ook red van hierdie Filistyn!” Saul het uiteindelik ingestem. “Goed, doen dit,” sê hy. “En mag die Here met jou wees!”

5. Voor watter reus staan jy en in wie se Naam gaan jy hom aan pak?

1 Samuel 17:45-47 (NLV) [45]Maar Dawid skree terug: “Jy kom na my toe met ’n swaard en ’n spies en ’n kromswaard, maar ek kom na jou toe in die Naam van die Here, die Almagtige, die God van die magte van Israel wat jy staan en beledig. [46]Vandag gee die Here jou oor in my mag. Ek sal jou doodmaak, jou kop afkap, en die lyke van die Filistynse leër vir die roofvoëls van die hemel en die wilde diere van die aarde gee. [47]Die hele wêreld sal weet dat Israel ’n God het. Almal sal weet dat die Herenie swaard en spies nodig het om sy mense te red nie. Die oorlog is die Here s’n, en Hy sal julle in ons mag oorgee!”

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÈ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 | katie@kg.org.za

FRANCO PIENAAR
074 885 2511 | franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 | tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 | nico@kg.org.za

60 jaar en ouer: LUCAS NIEMAND
083 233 4000 | lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655